# KOMMUNIKAMMA 8 MAART 2026

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.


Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za


**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 8 Maart 2026**
**Vierde Lydensweek**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**Tema:** God se raamwerk
**Skriflesing:** Genesis 17

**18:00 LEEF@KERK** ('n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir die Christelike Lektuur Fonds**

**Maandag 9 Maart**
**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek asb. ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Vrydag 13 Maart**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205)vir meer besonderhede.

**Saterdag 14 Maart**
**10:00 ViA SE DAMESTEE**
Caroline-Grace is die gasspreker en die tema is "Ek het 'n sagte kant van die Here ontdek." Kaartjies kos R200.00 elk en kan individueel of in tafels van 6, 8 of 10 gekoop word. Kaartjies is vandag in die voorportaal te koop en ook deur die week by die kerkkantoor. Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) vir meer besonderhede.

**Sondag 15 MAART**
**Vyfde Lydensweek**
**08:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE (Neem kennis dat vir hierdie Sondag sal die Graad 1,2,3 kategese tydens die erediens plaasvind)**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**18:00 LEEF@KERK** (‘n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

**GEBEDSAKE:**

- Geestelike groei en toewyding oor lydenstyd.
- Almal wat toetse en eksamens skryf.
- Laura Krause se gesond word.
- Vir die Here se hulp en leiding in mense en gesinne se lewens wat groot uitdagings ervaar. Dat Hy ons sal gebruik waar nodig en toerus met wysheid om die regte hulp te verleen en/of raad te gee.
- ‘n Oplossing vir die bek-en-klouseer krisis in ons land. Dankie vir besendings entstof wat aangekom het en toegedien word.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. ‘n Oplossing vir die chaos in Iran en spanning in die Midde-Ooste.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Kom ons bid saam en vir ons wêreldwye familie hierdie week.
**Lof:** Loof God vir die moedigheid van die Noord-Koreaanse kerk. Loof Hom vir Sy Woord wat nie vasgeketting kan word nie, en dat die Goeie Nuus skyn in die diepste duisternis. Loof Hom vir hulle “onuitspreeklike vreugde”.
**Voorbidding:** Bid vir bonatuurlike beskerming oor hulle geheime byeenkomste en versteekte Skrifgedeeltes. Bid dat God vir diegene wat opsoek is na die waarheid, drome en visioene sal stuur van Jesus. Bid vir die wagte en amptenare dat hulle harte sal versag. Bid vir die sukses van pogings om audio-Bybels en Skrif in die land te smokkel.
**Persoonlike Gebed:** “Here, vergewe ons dat ons U Woord as vanselfsprekend aanvaar. Gee ons ‘n fraksie van die honger wat ons Noord-Koreaanse familie het na U Woord. Mag hulle uiterste geloof opnuut in ons ‘n passie wek om die Bybel waartoe ons vrye toegang het, te lees, koester en gehoorsaam.”

**FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK**
Die 800 km lange grens tussen Thailand en Kambodja is al lank ’n bron van konflik. In die afgelope jaar het die spanning van tyd tot tyd oorgegaan in gewapende konflik. FEBA saai in albei lande uit en in 2025 het die FEBA Kambodja-span spesiaal ’n reis onderneem om radio’s aan die soldate op die grens uit te deel. Bid vir vrede tussen Thailand en Kambodja. Vra dat FEBA se programme soldate in albei lande sal inspireer om hul harte vir Christus te gee.

**KAMMAKLETS 2026**
Het jy dit geniet om een van die vier kamma klets uitgawes in 2025 te lees? Sou jy dalk wou deelneem om 2026 se uitgawes nog beter te maak? Ons benodig skrywers. Kontak gerus Ds. Toit indien jy aan hierdie opwindende projek wil deelneem. Deur die vertel van stories versprei ons hoop en stuur ons God se getuienis die wêreld in.

**MTR SMIT KINDERHUIS**
Indien jy die vreugde van die verjaarsdagvieringe van MTR Smit Kinderhuis wil ervaar, kan jy gerus vir Debah van Eeden (082 933 2443) kontak. Ons huis is die tuiste van 11 pragtige dogters, en ons probeer elke verjaardag spesiaal maak deur cupcakes, eetgoed en koeldrank te voorsien. Jou betrokkenheid kan 'n groot verskil maak in die lewens van hierdie dogters. Of jy nou as 'n selgroep, vriendegroep, of individu deelneem, jou bydrae sal 'n impak hê en 'n glimlag op die gesigte van hierdie dogters bring.

**WIT OLIFANTE**
Indien daar enige bruikbare wit-olifante in jou huis skuil, kan jy hulle begin afstof en aandra na die kerkkantoor. Dit is vir ons kermis van 20 Junie. Indien jy hulp nodig het met vervoer, kontak vir Zalita le Roux (082 878 8720)

**STELLA LONDT AFTREE OORD KOS VERKOPE**

Stella Londt Aftree Oord hou op Vrydag 20 Maart vanaf 16:00 tot 18:00 kos verkope by Kraggakamma Gemeente se parkeerarea. Die fondse sal aangewend word vir die aankoop van 'n klein bussie vir die aftree oord om die inwoners op uitstappies en ook na die winkelsentrum te vervoer.

Die volgende etes sal te koop wees:

- Boereworsrolle met tamatiesmoor @ R 30 elk
- Jaffels en Kerriemaalvleis @ R25 elk
- Pannekoek met kaneelsuiker @ R7 elk
- Gevulde pannekoeke met hoender mayo @ R15 elk
- Ham en kaas souttert (groot muffin grootte) @ R20 elk
- Malva poeding (klein bakkies) @ R30 elk

Vir bestellings kontak Jualine Ferreira (084 645 4026)

**BYBELGENOOTSKAP VRUGTEMARK (26 – 28 MAART 2026)**

Die jaarlikse vrugtemark ten bate van die Bybelgenootskap begin op Donderdag 26 Maart by die Bybelhuis, Cotswoldlaan 31, Cotswold. Vrugte sal Donderdag en Vrydag om 08:00 – 16:00 verkoop word en op Saterdag om 08:00 – 14:00.

Kontak die Bybelgenootskap of die kerkkantoor vir meer inligting.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 8 Maart | Waldo Dreyer, Liesl du Preez, Johan Gerber en Madelein Naudé |
| 9 Maart | Pienaar Agenbag, Hennie Bakkes, Rina Kahts, Antoinette Minnie, Derik van der Merwe en Natie van Jaarsveld |
| 10 Maart | Ronel Kotze, Lyle Lombard, WJ Lombard, Jacques Minnie, Millie Moolman en Louise Nieuwoudt |
| 11 Maart | Niel Cronjé, Charl Geissler, Charleston Herman, Sonnie Lombard, Marelize Roets, Renier Rossouw, Schine Roux en Arno Rust |
| 12 Maart | Justin Terblanche |
| 13 Maart | Sanelle Botha, Marcelle de Kock, Josef de Vos, Ana Human, Angelique Janse van Rensburg, Ruan Lundt, Charel Marais, Leonette Moolman, Lara Pretorius en Corné Slabbert |
| 14 Maart | Corrie Grobler, Daniel Venter, Pieter Vosloo en Amy Wentworth |

**Ons wens Corrie Grobler geluk met haar 93ste verjaarsdag op Saterdag 14 Maart**

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005

SnapScan